Rietvallei

Kampnuus

# AJV en Kokoriba

## AJV 9 Augustus 2025 by De Meerpaal

Rietvallei het sy twintigste AJV op 9 Augustus gehou. As ’n eerste en proeflopie, is dit in Pretoria gehou sodat lede wie nie by ’n kamp sou kon uitkom nie, of nie ’n hele naweek kon afstaan nie, dit ook kon bywoon. 33 Stemgeregtigdes het opgedaag en 4 stemgeregtigdes het ingeskakel.
Dit is 22 meer as wat vir ’n kworum benodig word.







Die vergadering het stiptelik om 10:00 begin (kan jy glo?). Die opening is deur Magdaleen Viljoen behartig en daarna het al die tradisionele “goeters” aandag gekry. Magdaleen het die kennisgewing van die vergadering gelees, net om seker te maak dat almal weet waarom hulle op hiérdie Saterdagoggend by De Meerpaal kuier. Die vergadering “tel spoed op” en die items glip so een na die ander verby, totdat die voorsitter sy jaarverslag moet lewer en dan speel die voorsitter en die onder-voorsitter “musical chairs”, sonder dat iemand eintlik die stoel wil hê. Maar, die twee is in staat om in ’n oogknip tot ’n vergelyk te kom, sodat die Pieter sy verslag kon lees.



*Magdaleen aan die woord*





Oor die algemeen, was dit ’n ontspanne AJV, met geen moeilike besluite om te neem nie. Penningmeester Tjaart het nie eens die adminfooi verhoog nie. Die bestuur is gekies en die verandering is nie te radikaal nie. Ons het nou wel nie meer ’n onder-voorsitter nie, maar die res van die posisies is almal gevul.

| Rietvallei Bestuur | | |
|---|---|---|
| **Posisie** | **2024 - 2025** | **2025 – 2026** |
| Voorsitter | Pieter Viljoen | Pieter Viljoen |
| Ondervoorsitter | Frans Scholtz | Rustend |
| Penningmeester | Tjaart Klaasen | Tjaart Klaasen |
| Sekretaris | Magdaleen Viljoen | Pieter le Roux |
| Kampkoördineerder | Bertus Marx | Bertus Marx |
| Seniorburger Verteenwoordiger | Elmarie le Roux | Dalena Marx |
| Redaksie | Johan la Grange | Johan la Grange |
| Addisionele Lid | Pieter le Roux | Frans Scholtz |



*Elmarie le Roux het na 5 jaar uit bestuur getree en Pieter het haar spesiaal bedank.*

## 2026 Jaarprogram

Volgende jaar se program is bespreek en hier is van die uitkomste:

- In Januarie wil ons vir 'n 7dae-week by Buffelspoort gaan staan teen 'n bilikke R250 per dag, met voorwaarde midweek of volweek, met ten minste 10 waens
- In Mei wil ons wéér by Buffelspoort gaan kuier.
  Die keer saam met Goudrif.
- Die kuieroggende bly en so ook die besoek aan die botaniese tuine.

Vanjaar was daar een streekmeriete toekenning en dit is aan Magdaleen Viljoen vir die werk wat sy doen, veral vir die Sondag boekevat geleenthede en haar rol vanjaar as "nood" sekretaresse.

"Rietvalleier van die jaar" is aan Gideon van Zijl toegeken en Rietvallei Seniorburger van die jaar gaan aan Tinus en Tersia Fourie.

Nasionale toekennings word tydens die Nasionale Vergadering in Oktober gemaak.

Na afloop van die vergadering het ons lekker gekuier met vetkoek en koffie. Baie dankie, Annatjie Maritz, Elmarie le Roux en elkeen wat 'n helpende hand verleen het.

Dankie ook dat ons volgende jaar weer só kan maak vir die AJV.



*Magdaleen Viljoen ontvang 'n Streek Meriete toekenning.*
*Veels geluk EN Baie Dankie, Magdaleen!*

# Saamtrek by Kokoriba

Oor die naweek 15 tot 17 Augustus het Rietvallei saamtrek gehou by Kokoriba. 8 Waens het daar opgedaag en dit het ’n baie aangename kuier afgegee. Die Venters en Scholtze het heel week gekamp en die ander het so van Donderdag aangekom. Teen Vrydag vroegmiddag was almal op hulle staanplekke en het die oor en weer kuiery op dreef gekom. Boekevat is deur Pieter le Roux hanteer en vir aandete het Elmarie en Pieter worsbroodjies voorgesit, met tamatiesmoor uit Erna se kombuis.



*Hennie maak vuur dat die vonke spat.*

Augustus is eintlik nog winter, maar dit is al warmer saans as wat dit by Weesgerus was. Dit kan die rede wees waarom daar later buite gekuier is. Dit kan ook wees omdat Hennie aan die stuur van die vuur was. (Kan ons Hennie asseblief vir ‘n “Vuurmeester” toekenning oorweeg?)

Saterdagoggend se stap was nogal lekker. Frans is met ’n paar stappers die kamp uit, terwyl Stefanie en ’n paar ander sommer binne die kamp gestap het. Die stap was aangenaam en die geselskap selfs beter. Die onderwerpe onder bespreking duik so met tyd op en soms loop dit op allerhande slimmighede.

Soms word die stappery swaar werk; veral wanneer Sarie Weber saamstap. Hierdie keer was die pas rustiger en die temas vir bespreking ook van ligter aard.

Saterdagmiddag het ons so in die rigting van Chris en Nellie se wa gedrentel om mekaar se geselskap te geniet. (Sien foto op die volgende bladsy.)

Saterdagaande word daar gewoonlik vleis gebraai. Hierdie keer het Pieter en André hout aangedra om lekker geselsvure te maak om die lekker-kuier aan te help. Oom Fanie en tannie Alida wou Sondagoggend vroeg ry vir ’n familie afspraak in Pretoria. Daarom was hulle tent al afgeslaan voor die braaivleisvure begin brand het. Gelukkig was die weer perfek vir hierdie soort ding; daar was nie eens ernstige sprake van dou Sondagoggend nie.



*Wanneer die tannies (Oumas?) Iets SO op ’n selfoonkyk, … Hou die ander beter maar verby…*





*Advertensie*

Sondagoggend is die Venters "vroeg genoeg" weggesien. Frans het die Sondagboekevat waargeneem en daarna is 'n handvol gekuier oor 'n bordjie eetgoed, voor die Sondagmense huistoe is. Die res van die Sondagkuier het hopelik volgens plan verloop, want die oorblywende Rietvalleiers is Maandag huistoe. Die "ons is tuis" boodskappe is gerusstellend en almal het veilig tuis aangekom.



*Elmarie le Roux lei Boekevat*



*Gideon van Zijl: Rietvalleier van die jaar. Oorhandiging deur Pieter le Roux tydens boekevat Vrydagaand by Kokoriba.*



*Erna en Helena het verjaar*



*Gideon en Helena van Zijl en Anne-Marie Engelbrecht by Vrydag boekevat.*

**Volgende saamtrek**

Streeksaamtrek by Weavers Roost

Seniorsaamtrek: 10 tot 12 September

Streeksaamtrek: 12 tot 14 September

Sien inskrywingsvorm in e-pos.



*Middag kuier: Pieter, Fanie en Elmarie by Nellie en Chris se woonwa.*



*Nellie: Alles reg tuis?*




Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
**en**
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

**Bioway:** 1l, 2l en 5l

**Swartsakke:** 50 of 100 sakke

**Skoonmaakmiddels:** 2l, 5l en 25l

*Advertensie*